050-594-NPO

Help Seniors Nuusflitse News Flash

Januarie/January
Februarie/February 2011

Ons hoop 2011 bring vir u hope vrede, vreugde en voorspoed!

By *Help Seniors* sien ons uit na 'n jaar propvol omgee vir Ouer Persone. Die maandelikse aflewering van die 'Nuusflitse' sal u op hoogte hou.

In hierdie uitgawe vertel ons u van skole wat uitreik na ouer persone, 'n lesing oor *'Suksesvolle Veroudering'* en ons planne vir 2011.

We hope that 2011 will bring you peace, prosperity and joy!

At *Help Seniors* we are planning a year filled with caring for older persons. The monthly issue of the 'News Flash' will keep you informed.

In this edition we will tell you about schools that reached out to older persons, a presentation on *'Successful Ageing'* and our plans for 2011.

Skole reik uit na Ouer Persone / Schools reach out to Older Persons

Laerskool Louis Leipoldt se *Omgeeweek* het die week van 11 - 15 Oktober 2010 plaasgevind. Die tema *'Hoop vir ons Kinders'* het ook hoop aan ouer persone gebring. Woensdag is Oupa en Ouma dag gevier. Leerders het hul grootouers trakteer op 'n konsert en daarna 'n piekniek.

Help Seniors het benewens die baie mooi kontant donasie ook 'n groot skenking van niebederfbare voedsel, klere en komberse ontvang.

Hierdie donasie is gebruik om kerspakkies op te maak wat tydens 'n Kersete, aangebied deur Arcadia Dienssentrum, aan inwoners van die middestad gegee is. Die versiering van die pakkies is verskaf deur die Gr 1 leerders van St Mary's DSG.

During the week 11 - 15 October 2010, *Laerskool Louis Leipoldt* 's week of caring took place. The theme *'Hope for our Children'*, also brought hope to older persons. Wednesday saw the celebration of Grandparents. Learners treated their grandparents to a concert and afterwards a picnic.

Help Seniors received a generous cash donation, as well as a huge donation of non-perishable food, clothing and blankets.

This donation was made up in Christmas gifts which were distributed to residents of Pretoria CBD at a Christmas lunch hosted by Arcadia Service Center . The decoration for the gifts was provided by the Gr 1 learners of St Mary's DSG.

Laerskool Pierneef *het op 1 Desember ouer persone trakteer op 'n Kersspel opgevoer deur die Gr 0'e en 'n tee met heerlike eetgoed. Leerders van die skool het 'n groot hoeveelheid toiletware geskenk. Die Gr 1 leerders selfgetekende kerskaartjies en ander prentjies saamgestuur.*

Die donasie is ook gebruik vir kerspakkies vir inwoners van Sunnyside. Dit is tydens 'n feestelike kersmaal aan hulle uitgedeel.

On 1 December Laerskool Pierneef *entertained older persons with a Nativity play put on by the Gr 0's and tea with scrumptious eats. Learners of the school donated a large quantity of toilet ware. Christmas cards and other pictures drawn by the Gr 1's completed the donation.*

This donation was also used for Christmas gifts and was given to residents of Sunnyside during a festive Christmas lunch.

Baie dankie aan hierdie twee skole. Julle het glimlagte op vele ouer persone se gesigte geplaas!

Our heartfelt thanks to these schools. You brought a smile on many an older person's face!

Skole word uitgenooi om vanjaar uit te reik na ouer persone en sodoende 'n verskil te maak in die lewens van vele minderbevoorregtes. Daar is talle projekte wat aangepak kan word: fondswerwing, skenkings, gemeenskapsdiens, en vele meer. Skakel Anneke by 086 111 6122.

Schools are invited to reach out to older persons this year and make a difference in the lives of so many less fortunate individuals. There are numerous projects to do: fundraising, donations, community service, and much more. Phone Anneke on 086 111 6122.

community service, and much more. Phone Anneke on 086 111 6122.

Ons besoek die Arende by NG Gemeente Waverley

'Hoe lyk 'n Lewe 2 Mens, en is jy een?' Dit is die vrae wat Syd Eckley tydens 'n motiverings-praatjie aan die *Arende* gerig het.
Die Arende, die Seniorbedieningsgroep by Waverley NG Gemeente bestaan nog nie eens 'n jaar nie, maar hulle is al 145 lede sterk. Die boodskap daar is duidelik: *Ons gee om vir mekaar.*

Skakel ons as u meer wil weet oor:

* *Lewe 2 en Sewe Strategieë vir Suksesvolle Veroudering*
of
* *Hoe Wet 13 van 2006 u Aftreeoord gaan raak*

Phone us if you want to know more about:

* *Life 2 and Seven Strategies to Age Successfully*
or
* *How Act 13 of 2006 will affect your Retirement Village*

Belangrike Datums

15 June: World Elder Abuse Awareness Day
1 Oct: International Day for Older Persons
26 Sep – 2 Okt: Nasionale Week vir Ouer Persone
2 Okt: Oupa en Ouma Dag

Gholfdag - 28 Mei!

Planne vir 2011

Ons beplan heelwat aktiwiteite vir 2011 - meestal opwindende fondswerwingsaksies: daar is gholf-dae, Vrouedagvieringe, Bingo-aande, 'n skaak-kompetisie, Oupa en Ouma Dag vieringe, en vele meer. Ons Nuusflitste, Nuusbrief en Webtuiste sal u op hoogte hou!

KLEIN KULTUURFEES: 28 FEBRUARIE - TEMA: OUPA & OUMA ONTHOU
Jammies Jamneck is die programleier en vertel ook stories!
Alle oupa's en ouma's met kleinkinders by ***LOUIS LEIPOLDT LAERSKOOL***
word uitgenooi om vir ons 'n vertelling/storie in te stuur van iets wat hulle onthou uit jongdae, skooldae ens. Dit is 'n kompetisie en die beste stories word by die KK Fees gebruik en in boekvorm uitgegee. Stuur asb vir ons interessante vertellings! Stuur/Epos asb na Me v Rensburg - ***annemarevr@gmail.com***

Ons *Missie* ... om dienste van uitnemendheid te ondersteun sodat Ouer Persone hul volle potensiaal kan bereik en 'n kwaliteit lewe kan lei

Our *Mission* ... *to support services of excellence in order for Older Persons to harness their full potential and lead a quality life*

Contact Anneke should you wish to support us or require more information :
Kontak Anneke indien u ons wil ondersteun of meer inligting verlang:

Tel : 086 111 6122 Fax : 086 502 3987
www.helpseniors.co.za
admin@helpseniors.co.za Box 41044 Moreleta Ridge 0044

Help Seniors Bank Details Nedbank Hatfield Kode 160-245 Cheque / Tjek: 1602389373